



# BOOMPLANTMAAND

## 2021

*Deel van die Solidariteit Beweging*

Hierdie dokument dien as gids en program om almal te betrek om die bewaring van bome en die uitbreiding van ekostelseldienste te bevorder.

Omgewingsake-groete

AfriForum

# Inhoud

<b>Boomplantmaand.....</b>	<b>1</b>
<b>AfriForum se boomplantmaand .....</b>	<b>2</b>
Algemene boom vir 2021 .....	2
Skaars boom vir 2021 .....	2
<b>Waarom is bome so belangrik? .....</b>	<b>3</b>
1. Bome vervaardig suurstof .....	3
2. Bome maak grond skoon .....	3
3. Bome demp lawaai .....	3
4. Bome beheer stormwater.....	3
5. Bome is koolstofopgaarders.....	3
6. Bome suiwer die lug.....	3
7. Bome verskaf skaduwee .....	3
8. Bome is windskerms .....	4
9. Bome verhoed gronderosie .....	4
10. Bome verhoog eiendomswaarde .....	4
11. Bome is huise.....	4
12. Bome is voedselbronne .....	4
13. Bome is energiebronne .....	4
14. Bome is medisyne .....	4
15. Bome is deel van ons kulturele erfenis .....	4
16. Bome word vir kommersiële doeleindes gebruik.....	4
17. Bome is 'n belangrike deel van die ekostelsel .....	5
18. Bome gee papier .....	5
<b>Hoe om 'n boom te plant .....</b>	<b>6</b>
Plant 'n boom by jou huis .....	6
10 stappe om 'n boom te plant .....	6
Die bottelmetode.....	7
Die klipmetode .....	7
<b>Bome in die Bybel.....</b>	<b>8</b>
Verskillende bome in die Bybel .....	8
<b>Indringerplante.....</b>	<b>9</b>
Die impak van indringerplantspesies .....	9
Vier belangrike metodes om uitheemse plantspesies in Suid-Afrika te beheer .....	10
<b>'n Groen toekoms .....</b>	<b>11</b>

Lys van beskermde boomspesies in Suid-Afrika .....	11
Tabel 1: Lys van beskermde boomspesies in Suid-Afrika .....	11
<b>Herwinning van bome .....</b>	<b>13</b>
Papierherwinningsmetodes .....	13
<b>Aanhangsel A: Alfabetiese lys van indringerplante in Suid-Afrika .....</b>	<b>14</b>

*September 2021*

## Boomplantmaand

AfriForum vier boomplantmaand jaarliks in September. In dié maand word die Suid-Afrikaanse publiek oor die belangrikheid van bome ingelig, en aangemoedig om bome te plant as 'n praktiese en simboliese gebaar van volhoubare omgewingsbestuur.

In die onsekere tyd waarin ons leef, is dit belangrik om te weet dat ons die begin van lente – 'n nuwe begin – met só 'n projek kan vier. Om vanjaar 'n boom te plant, gee vir ons moed vir die toekoms omdat ons plant vir die toekoms. Die boom gaan 'n simbool van groei wees.

Vanjaar wil ons takke en gemeenskapslede regoor die land aanmoedig om – buiten die bome wat ons takke op grootmaat gaan plant – steeds bome by hul huise, skole, kerke, gemeenskapsentrum, ouetehuise en parke te plant. Ons wil takke ook aanmoedig om uit die lesse van inperking en die COVID-19-pandemie te leer en waar moontlik vrugtebome te plant.

Boomplantweek word deur die regering gevier om mense jaarliks aan sommige van die ongeveer 2 000 inheemse boomspesies in Suid-Afrika te herinner. Dit strek gewoonlik oor die eerste sewe dae van September. AfriForum se omgewingsake-afdeling loods regdeur September elke jaar 'n aantal projekte om die gemeenskap van die wondere van bome bewus te maak, en noem dit dus boomplantmaand.

Ons verstaan dat dit 'n uitdaging is om by skole bome te plant weens die COVID-19-inperking, as julle as tak dus graag wil bome plant by die skool reël vroegtydig en/of skenk aan die skool en vra vir foto's van die plantsessie.



Woensdag 1 September 2021

## AfriForum se boomplantmaand

Nasionale Boomplantdag word op Woensdag 1 September 2021 gevier. Die doel met hierdie dag is om mense in te lig oor die belangrikheid van ons natuurlike hulpbronne.

Daar word hierdie jaar op twee bome gefokus: Die eerste is 'n algemene boom en die tweede 'n skaars een.

**Algemene boom vir 2021:**

*Vachellia karroo* – Soetdoring (Engels: Sweet thorn)

**Skaars boom vir 2021:**

*Portulacaria afra* – Spekboom (Engels: Spekboom)

AfriForum wil die gemeenskap bewus maak van dié bome en die rol wat dit in die ekologiese omgewing speel. Ons beveel daarom aan dat jy die inligting wat ons gee sover moontlik deel. Hierdie inligting kan ook by openbare byeenkomste, skole, kerke en dies meer met gemeenskappe gedeel word in 'n poging om op omgewingsbewaring te fokus en sodoende 'n groener toekoms te verseker.

Ons daag gemeenskappe uit om saam te staan om 'n sukses van dié dag te maak.

**Let wel:** Dit is belangrik om bome te identifiseer wat in jou omgewing geplant kan word. Jy is nie beperk tot die twee bome waarop daar dié jaar gefokus word nie, want hulle aard dalk nie in jou omgewing nie.



## **Waarom is bome so belangrik?**

Bome is van kardinale belang vir die voortbestaan van mens en dier. Die struik en bome wat ons plant, werk saam om 'n beter wêreld vir ons te skep.

### **1. Bome vervaardig suurstof**

Suurstof is noodsaaklik vir alle lewe op aarde. Omdat bome suurstof vervaardig, kan die mens vanselfsprekend nie sonder bome oorleef nie. 'n Volwasse groen boom vervaardig genoeg suurstof in slegs een seisoen sodat 10 mense vir 'n jaar lank kan asemhaal.

### **2. Bome maak grond skoon**

Bome neem sommige van die gevaaarlike chemikalieë en ander besoedelende stowwe in die grond op. Bome kan besoedelende stowwe in minder skadelike vorms omskakel. Bome suiwer selfs rioolwater en boerderychemikalieë. Dit verminder ook die gevolge van diereafval, wat skoner waterstrome tot gevolg het.

### **3. Bome Demp lawaai**

Bome Demp stedelike lawaai bykans net so doeltreffend as baksteenmure. Bome wat op strategiese plekke in 'n woonbuurt of om jou huis geplant is, kan die geraas van padverkeer en lughawens doeltreffend verdoesel.

### **4. Bome beheer stormwater**

Oorstromings kan beduidend verminder word deur bome aan te plant. Volwasse bome onderskep jaarliks meer as 1 000 liter water elk. Ondergrondse water word aangevul deur die dreinering van dié vertraagde stormwater.

### **5. Bome is koolstofopgaarders**

Bome gaan koolstofdioksied op om hul voedsel te vervaardig en stoor dit in hout, wortels en blare. Koolstofdioksied is die grootste enkele oorsaak van aardverwarming. 'n Beboste gebied is gewoonlik 'n koolstofryke gebied waar ewe veel koolstof vervaardig en gestoor word. Dié proses stoor koolstof as hout en nie as 'n vrye gas nie.

### **6. Bome suiwer die lug**

Wat baie mense nie besef nie is dat die bome ook dien as filtreerders om die lug wat ons uitasem te suiwer. Dit verminder hitte en verwyder besoedelingstowwe soos koolstofmonoksied, swaeldioksied en stikstofdioksied uit die lug. Bome verwyder dié lugbesoedeling deur die lug se temperatuur te verlaag en die chemiese deeltjies dan op te neem.

### **7. Bome verskaf skaduwee**

Bome verskaf skaduwee – 'n welkome verligting tydens Suid-Afrika se somermaande. Dit verminder dus ook die behoefté aan lugversorging. Studies toon dat dele van stede sonder skadubome letterlik hitte-eilande kan word waar temperature tot 12°C hoër as dié van die omliggende gebiede kan wees.

## 8. Bome is windskerm

Bome demp die krag van sterk winde in die winter en help só om die koste van verhitting en bykomende energieverbruik te verminder. In winderige en koue seisoene kan bome wat strategies geplant is as windskerm dien. Windskerm kan die verhittingskoste van 'n huis met tot 30% verminder. Minder wind verminder ook die uitdroog van grond en plante agter dié windskerm – dit help dus om kosbare bogrond te bewaar.

## 9. Bome verhoed gronderosie

Erosiebestuur het begin met die aanplant van bome en gras. Boomwortels bind die grond en boomblare breek die krag van die wind wat oor oppervlaktes waai om die bogrond op dié wyse te beskerm. Bome bekamp ook gronderosie, want dit kan stormwater beheer.

## 10. Bome verhoog eiendomswaarde

Die waarde van eiendom neem toe as daar bome is wat die eiendom en die omgewing verfraai. Bome kan die waarde van 'n eiendom met 15% of meer verhoog.

## 11. Bome is huise

Verskeie fauna en flora leef in bome. 'n Boom is 'n onafhanklike ekologiese stelsel. Verskeie klein soogdiere en voëls bou hul neste in bome. Bome speel dus 'n belangrike rol in die voortbestaan van verskeie diere-, voël- en insekspesies, asook ander lewende organismes.

## 12. Bome is voedselbronne

Verskeie fauna is ten volle op bome aangewese as die hoofbron van voedsel. Bome bestaan uit verskeie dele wat elkeen sy eie funksie het. Elke deel van 'n boom – die blare, vrugte, bas en wortels – kan kos aan mens en dier verskaf.

## 13. Bome is energiebronne

Bome word gebruik om vuur te maak, en die meeste Suid-Afrikaners maak steeds op vuur as hoofenergiebron staan. Die volhoubare verbruik van bome is egter van uiterste belang, aangesien dit tans oorbenut word. Ontbossing kom ook voor en lei tot woestynvorming en erosie.

## 14. Bome is medisyne

Bome word dikwels vir tradisionele medisyne (sogenaamde moetie, afgely van *umuthi*, die Zoeloe-woord vir boom) gebruik. Die blare, wortels en selfs bas word deur verskeie Afrika-kulture gebruik om siektes te behandel en bome speel dus 'n belangrike rol in hierdie kultuurpraktyke.

## 15. Bome is deel van ons kulturele erfenis

Bome het simboliese waarde in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Verskeie Suid-Afrikaanse bome word beskerm en as toeriste-aantreklikheid gebruik; dit vorm deel van ons erfenis.

## 16. Bome word vir kommersiële doeleinades gebruik

Die verskillende dele van bome kan verwerk word in produkte, soos meubels, boustrukture en selfs sowel alkoholiese as nie-alkoholiese drank.

## 17. Bome is 'n belangrike deel van die ekostelsel

Dit is duidelik dat bome 'n belangrike rol speel in die handhawing van 'n gesonde, funksionerende ekostelsel. Van die grootste diere tot die kleinste organismes is heeltemal van bome afhanklik vir oorlewing. Diere eet en leef in bome en skei die sade van hierdie bome uit sodat nuwe bome op ander plekke kan groei. Dié simbiotiese interaksie tussen bome en organismes speel dus 'n uiters belangrike rol in die oorlewing van ekostelsels.

## 18. Bome gee papier

Sonder bome sou ons nie op papier kon skryf nie. Sonder hierdie hulpbron sou dit onmoontlik gewees het om die geskiedenis of ons erfenis te dokumenteer. Dit bly egter steeds ons verantwoordelikheid om papier te herwin om seker te maak dat die gebruik van papier nie tot die uitwissing van bome lei nie.

Bron:

Van Wyk, B., Van Wyk, B. & Van Wyk, P. 2000. *Photographic guide to Trees of Southern Africa*. Pretoria: Briza Publications.



Vrydag 3 September 2021

## Hoe om 'n boom te plant

### Plant 'n boom by jou huis

Min mense kan gewoonlik weens werksomstandighede bome op Boomplantdag plant. Dit skep egter 'n geleentheid vir gesinne om bymekaar te kom en iets saam te doen, en daarom beskou AfriForum boomplantmaand as 'n geleentheid om jou eie erfenis te skep deur op simboliese wyse 'n gesinsboom te plant. Toekomstige geslagte sal daardeur bevoordeel word.

Vanjaar fokus ons op twee spesifieke bome – die soetdoring en spekboom (verwys na bladsy 2). As jy 'n ander boom in gedagte het, maak seker dit is 'n inheemse boom en dat jy dit op die regte plek plant. Maak ook seker dat dié boom/bome in jou omgewing aard.

### 10 stappe om 'n boom te plant

1. Kies 'n inheemse boom wat vir jou omgewing geskik is en maak seker dat jy dit op 'n geskikte plek plant. Daar moet byvoorbeeld genoeg spasie wees om te kan groei.
2. Grawe 'n vierkantige gat wat 0,5 m diep is en met sye wat 0,5 m breed is. Vir 'n groot boom ('n ouer boom) moet die gat groot genoeg wees sodat daar 20 cm tussen die kante van die gat en die boom se wortels is. Vir 'n kleiner (jonger) boom moet die gat omtrent vier keer so wyd wees as die swart sak om die wortels van die plant. Die gat moet vierkantig wees, want 'n ronde gat sal veroorsaak dat die boom se wortels in die rondte groei in plaas daarvan dat dit onder die grond vertak.
3. Vul die helfte van die gat met ou kraalmis of kompos en die res met grond. Meng goed en maak seker daar is genoeg spasie vir die wortels. As die grond 'n fosfaattekort het, kan jy 'n halwe blikkie beenmeel by die komposmengsel inwerk.
4. Verwyder die boom uit die sak en maak die wortels versigtig los.
5. Plant die boom in die middel van die gat, diep genoeg om die wortels heeltemal te bedek.
6. Druk die grond om die wortels versigtig vas en maak 'n klein walletjie om die stam. Dit sal help as jy die plant water gee.
7. Bind die boom aan 'n stewige paal of stok vas om dit te ondersteun en regop te hou.
8. Bedek die grond om die boom met 'n deklaag (Engels: *mulch*) en gee dit genoeg water.
9. Beskerm die boom teen bedreigings deur doringtakke om die boom te pak. 'n Heining kan ook as tydelike oplossing opgerig word.
10. Gee die boom vir die eerste twee jaar ten minste twee emmers water per week.



As jy in 'n droë gebied bly of buite die reënseisoen wil plant, is dit belangrik dat die boom se wortels genoeg water kry.

Gebruik een van die volgende twee metodes:

**Die bottelmetode:**

Pons gate in die bodem van 'n 2 liter-koeldrankbottel. Sit die bottel in die gat naby die boom se wortels sodat die bottelnek bo die grond is as die gat toegegooi is. Vul die bottel met water en skroef die prop op om te voorkom dat die water verdamp. Gee die boom gereeld water deur die prop af te skroef en die bottel vol water te gooi.

**Die klipmetode:**

Pak een hoek van die gat tot bo vol vuisgrootte klippe. Gooi water oor die stapel klippe om seker te maak dit bereik die boom se wortels.

Volg gerus die volgende skakel om na 'n video te kyk wat verduidelik hoe 'n boom geplant moet word:

[https://www.youtube.com/watch?v=AKkvI-IV3\\_M&t=17s](https://www.youtube.com/watch?v=AKkvI-IV3_M&t=17s)

Saterdag 4 September 2021

## Bome in die Bybel

Die Bybel (1983-vertaling) verwys by verskeie geleenthede na bome:

- die tuin van Eden se boom van alle kennis (Genesis 2:9);
- die boom van die lewe waaroor Johannes in Openbaring skryf: Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: Elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies (Openb. 22:2); en
- die boom in koning Nebukadnesar se droom (Daniël 4).

Jesus Christus het ook dikwels in sy gelykenisse na bome verwys, byvoorbeeld die gelykenis van die vyeboom in Lukas 13:7. Jesus het ook op verskeie ander geleenthede na vyebome verwys.


### Verskillende bome in die Bybel

- Akker (2 Samuel 18:9–10)
- Populiere, amandels en plataanbome (Genesis 30:37)
- Amandel (Numeri 17:8): Dit was die eerste boom wat in Israel geblom het (Januarie) en die neute is geëet of gebruik om olie te maak.
- Appel (Hooglied 2:3, 5; Joël 1:12)
- Besembos (1 Konings 19:4)
- Denne (Jesaja 41:19; 60:13): Die hout is gebruik vir skepe, musiekinstrumente en bouwerk.
- Doringbos (Rigters 9:14–15)
- Sederhout (Exodus 25:5, 10; 26:26; Jesaja 41:19; 55:13): Dit was waarskynlik 'n soort akasia en een van die min bome wat in die Sinaiwoestyn groei; die verbondsark is met hierdie hout gebou.
- Ebbehout (Esegiël 27:15)
- Eikeboom/Groot boom (Genesis 35:4): Die hout is gebruik om beeldte maak.
- Gofer (Genesis 6:14)
- Granaat (Numeri 13:23; Joël 1:12)
- Hisop (1 Konings 4:33)
- Sandelhout (1 Konings 10:11–12; 2 Kronieke 2:8)
- Kaneel (Exodus 30:23; Spreuke 7:17; Openbaring 18:13)
- Melkbos (2 Samuel 5:23–24)
- Mirte (Jesaja 55:13; Nehemia 8:16; Sagaria 1:8)
- Moerbei (Lukas 17:6)
- Mosterd (Lukas 17:6)
- Olyf (Hosea 14:7–8)

Maandag 6 September 2021

## Indringerplante

Verskeie faktore het 'n negatiewe invloed op bome, byvoorbeeld verstedeliking, bosbou, vuurmaakhout, besoedeling en uitheemse plantspesies wat as indringerplante beskou word. Vandag fokus ons op hierdie plante en die probleme wat hulle veroorsaak.



Hierdie onderwerp is ontwikkel om jou te help om plante wat bome bedreig, te identifiseer en uit te roei.

### Die impak van indringerplantspesies

- Die natuurlike vloei van water word beperk.
- Bosbrande neem toe.
- Bome versmoor en hul water en skaduwee word gesteel.
- Potensiële vrugbare grond gaan verlore.
- Erosie word verhoog.
- Potensiële weiding verminder.
- Mense en diere kan vergiftig word (byvoorbeeld deur *Melia azedarach* en *Lantana camara*).
- Die koste van brandbeskermingsverenigings en skade weens veldbrande styg.
- Damme slik toe.
- Die voedingswaarde van grond verander.
- Die verlies aan biodiversiteit bedreig inheemse plante.
- Die biomassa van ekosisteme verander.
- Die volhoubaarheid van inheemse diere se habitat verander.
- Verbastering met verwante inheemse genera (bv. *Rubus*-sp.) het die uitruiling van gene tot gevolg.

## Vier belangrike metodes om uitheemse plantspesies in Suid-Afrika te beheer

1. Meganiese beheer (verwyder plante met die hand, sny dit af, ringleer of kap dit af)
2. Chemiese beheer (bespuit jong boompies, kap spaanders af en verf die plant met gif, behandel dit deur te snoei/kerf en bespuit, spuit chemikalieë in groter bome)
3. Beheerde brande
4. 'n Kombinasie van meganiese en chemiese metodes op 'n beheerde wyse saam met biologiese beheer waar dit geskik is.

Kyk Aanhangsel A vir 'n lys van indringerplantspesies.

### Bron:

Richardson, D.M. & Van Wilgen, B.W. 2004. "Invasive alien plants in South Africa: how well do we understand the ecological impacts?" In *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wetenskap* 100, bl. 45–52.

Dinsdag 7 September 2021

## 'n Groen toekoms

Dit is elke Suid-Afrikaner se verantwoordelikheid om bome te bewaar en seker te maak dat die verbruik van bome volhoubaar bestuur word.

Bome word bewaar deur bestaande bome te beskerm, nóg bome te plant en mense van jongs af oor die belangrikheid van bome in te lig. Dit sal verseker dat die nodige bestuursprosesse vir volhoubare gebruik gevolg word.

### Lys van beskermde boomspesies in Suid-Afrika

In Tabel 1 word alle bome gelys wat ingevolge die Nasionale Wet op Bosse 84 van 1998 in Suid-Afrika beskerm moet word.

Tabel 1: Lys van beskermde boomspesies in Suid-Afrika

Botaniese naam	Afrikaans	Engels	Boomno.
<i>Acacia erioloba</i>	Kameeldoring	Camel thorn	168
<i>Acacia haematoxylon</i>	Vaalkameeldoring	Grey camel thorn	169
<i>Adansonia digitata</i>	Kremetart	Baobab	467
<i>Afzelia quanzensis</i>	Peulmahonie	Pod mahogany	207
<i>Balanites maughamii</i>	Groendoring	Torchwood	251
<i>Barringtonia racemosa</i>	Poeierkwasboom	Powderpuff tree	524
<i>Boscia albitrunca</i>	Witgat	Shepherd's tree	122
<i>Brachystegia spiciformis</i>	Msasa	Msasa	198.1
<i>Breonadia salicina</i>	Mingerhout	Matumi	684
<i>Bruguiera gymnorhiza</i>	Swartwortelboom	Black mangrove	527
<i>Cassipourea swaziensis</i>	Swazi-uiehout	Swazi onionwood	531.1
<i>Catha edulis</i>	Boesmanstee	Bushman's tea	404
<i>Ceriops tagal</i>	Indiese wortelboom	Indian mangrove	525
<i>Cleistanthus schlechteri</i>	Valstambotie	False tamboti	320
<i>Colubrina nicholsonii</i>	Pondo-treurdoring	Pondo weeping thorn	453.8
<i>Combretum imberbe</i>	Hardekool	Leadwood	539
<i>Curtisia dentata</i>	Assegaaï	Assegai	570
<i>Elaeodendron transvaalensis</i>	Bosveld-saffraan	Bushveld saffron	416
<i>Erythrophysa transvaalensis</i>	Bosveld-rooiklapperbos	Bushveld red balloon	436.2
<i>Eucleapseudebenus</i>	Ebbehout-ghwarrie	Ebony guarri	598
<i>Ficus trichopoda</i>	Moerasvy	Swamp fig	54

<b>Botaniese naam</b>	<b>Afrikaans</b>	<b>Engels</b>	<b>Boomno.</b>
<i>Leucadendron argenteum</i>	Silwerboom	Silver tree	77
<i>Lumnitzera racemosa</i> , var. <i>Racemosa</i>	Tonga-wortelboom	Tonga mangrove	552
<i>Lydenburgia abbottii</i>	Pondo-boesmanstee	Pondo Bushman's tea	407
<i>Mimusops caffra</i>	Kusrooimelkhout	Coastal red milkwood	583
<i>Newtonia hildebrandtii</i> , var. <i>Hildebrandtii</i>	Lebombo-wattel	Lebombo wattle	191
<i>Ocotea bullata</i>	Stinkhout	Stinkwood	118
<i>Ozoroa namaquensis</i>	Gariep-harpuisboom	Gariep resin tree	373.2
<i>Philenoptera violacea</i>	Appelblaar	Apple-leaf	238
<i>Pittosporum viridiflorum</i>	Kasuur	Cheesewood	139
<i>Podocarpus elongatus</i>	Breederivier-geelhout	Breede river yellowwood	15
<i>Podocarpus falcatus</i>	Outeniekw-a-geelhout	Outeniqua yellowwood	16
<i>Podocarpus henkelii</i>	Henkel-se-geelhout	Henkel's yellowwood	17
<i>Podocarpus latifolius</i>	Opregte geelhout	Real yellowwood	18
<i>Protea comptonii</i>	Barberton-suikerbos	Saddleback sugarbush	88
<i>Protea curvata</i>	Serpentynsuikerbos	Serpentine sugarbush	88.1
<i>Prunus africana</i>	Rooistinkhout	Red stinkwood	147
<i>Pterocarpus angolensis</i>	Kiaat	Wild teak	236
<i>Rhizophora mucronata</i>	Rooiwortelboom	Red mangrove	526
<i>Sclerocarya birrea</i> , subsp. <i>caffra</i>	Maroela	Marula	360
<i>Securidaca longependunculata</i>	Krinkhout	Violet tree	303
<i>Sideroxylon inerme</i> , subsp. <i>inerme</i>	Witmelkhout	White milkwood	579
<i>Tephrosia pondoensis</i>	Pondo-gifertjie	Pondo poison pea	226.1
<i>Warburgia salutaris</i>	Peperbasboom	Pepper-bark tree	488
<i>Widdringtonia cedarbergensis</i>	Clanwilliam-seder	Clanwilliam cedar	19
<i>Widdringtonia schwarzii</i>	Baviaanskloof-seder	Willowmore cedar	21

Woensdag 8 September 2021

## Herwinning van bome

Herwinning is nie 'n onbereikbare doel nie – dit is 'n noodsaaklikheid. Mense besef nie wat die impak van rommel op die natuur is nie. Herwinning is die enigste wyse waarop ons natuurlike hulpbronne teen die huidige verbruikstempo kan beskerm.

Daar is verskeie maniere om aan herwinning deel te neem sodat bome en hulpbronne gered kan word.

### Papierherwinningsmetodes

Koerante moet apart herwin word, want dit word direk na herwinning weer gebruik om nuwe koerante te druk. Herwinde koerantpapier met 'n lengte van 1,2 m kan 'n 12,2 m hoë boom red.

Tydskrifte, glanspamflette, koerantuitknipsels, telefoonboeke, koeverte, rekenaarpapier, ou brieve en papierverpakking kan saam in dieselfde boks of herwinningsasblik gesit word.

Krammetjies in papier is aanvaarbaar, maar rekke en plastiek moet verwys word.

Koolstofpapier, plakers, karton en gelamineerde papier mag nie by papier vir herwinning ingesluit word nie.

Drinkkartonnetjies is herwinbaar. Die meeste herwinningsfasilitete aanvaar hierdie items, maar vra liever eers jou plaaslike herwinningsaanleg.

Riffelkarton is 'n baie waardevolle bron van herwinning. Die meeste versamelaars versoek dat jy hierdie karton netjies opstapel en met 'n tou vasbind. Maak seker van enige beperkings op die grootte en gewig van die hoeveelheid wat in 'n baal saamgepers kan word.

Dit is uiterst belangrik dat herwinningsmateriaal droog bly.

Plastiek- of wasbedekte en nat of vetterige kartonbokse (soos pizzabokse) kan nie herwin word nie, want dit verstop die sorteermasjiene.

Plastiese voedselverpakking, stowwige en/of voedselbesmeerde papier en servette moet ook weggegooi word.

Dit is van die allergrootste belang dat elke mens hul deel doen. Begin 'n herwinningsprojek by jou skool, kerk, werkplek en selfs by die huis. Die aarde se toekoms is in jou hande.



Bron:

Wikipedia

## Aanhangsel A: Alfabetiese lys van indringerplante in Suid-Afrika

Botaniese naam	Afrikaanse naam	Engelse naam
<i>Acacia adunca</i>	Wallangarra-wattel	Cascade wattle Wallangarra wattle
<i>Acacia baileyana</i>	Bailey se wattel	Bailey's wattle
<i>Acacia cyclops</i>	Rooikrans	Red-eyed wattle
<i>Acacia dealbata</i>	Silwerwattel	Silver wattle
<i>Acacia decurrens</i>	Groenwattel	Green wattle
<i>Acacia elata</i>	Peperboomwattel	Peppertree wattle
<i>Acacia fimbriata</i>	Brisbane-wattel	Fringed wattle Brisbane wattle
<i>Acacia implexa</i>	Skoefpeulwattel	Screw pod wattle
<i>Acacia longifolia</i>	Langblaarwattel	Long-leaved wattle
<i>Acacia mearnsii</i>	Swartwattel	Black wattle
<i>Acacia melanoxylon</i>	Australiese swarthout	Australian blackwood
<i>Acacia paradoxa</i>	Kangaroewattel	Kangaroo wattle
<i>Acacia podalyriifolia</i>	Vaalmimosa	Pearl acacia
<i>Acacia pycnantha</i>	Goue wattel	Golden wattle
<i>Acacia saligna</i>	Port Jackson	Port Jackson willow
<i>Acacia stricta</i>	Hopwattel	Hop wattle
<i>Acer buergerianum</i>	Chinese esdoring	Chinese maple
<i>Acer negundo</i>	Asblaar-esdoring	Ash-leaved maple Box elder
<i>Agave americana</i>	Bloualwyn	Spreading century plant American agave
<i>Agave sisalana</i>	Garingboom	Sisal hemp
<i>Ageratina adenophora</i>	Croftonkruid	Crofton weed Snake root Mexican devil
<i>Ageratina riparia</i>	Misblom	Mistflower Creeping crofton weed
<i>Ageratum conyzoides</i>	Bokkruid Indringer-ageratum	Invading ageratum
<i>Ageratum houstonianum</i>	Mexikaanse ageratum	Mexican ageratum
<i>Agrimonia procera</i>	Geelklits Akkermone	Scented agrimony
<i>Ailanthus altissima</i>	Hemelboom	Tree-of-heaven
<i>Albizia lebbeck</i>	Lebbeckboom	Lebbeck tree
<i>Albizia procera</i>	Basterlebbeck	False lebbeck

Botaniese naam	Afrikaanse naam	Engelse naam
<i>Alhagi maurorum</i>	Kameeldoringbos	Camel thorn bush
<i>Alisma plantago-aquatica</i>	Wateralisma	Mud plantain Water alisma
<i>Alpinia zerumbet</i>	Skulpgemmer	Shell ginger Pink porcelain lily
<i>Alpinia zerumbet</i>	Spaanse riet	Giant reed Bamboo reed Spanish reed
<i>Alpinia zerumbet</i>	Styweblaarperdester	Giant reed Bamboo reed Spanish reed
<i>Ammophila arenaria</i>	Sandhawer	Marram grass Beach grass
<i>Anredera cordifolia</i>	Madeira wingerdstok	Madeira vine Bridal wreath Lamb's tails Potato vine
<i>Antigonon leptopus</i>	Koraalklimop	Coral creeper
<i>Araujia serifera</i>	Motvanger	Moth catcher
<i>Ardisia crenata</i>	Koraalbessieboom	Coral bush Coralberry tree
<i>Ardisia elliptica</i>	Inkbessie	Shoebutton ardisia Inkberry
<i>Argemone mexicana</i>	Geelblom-bloudissel	Yellow-flowered Mexican poppy Devil's fig Texas poppy
<i>Argemone ochroleuca</i>	Witblom-bloudissel	White-flowered Mexican poppy Devil's fig Texas poppy
<i>Aristolochia elegans</i>	Sisblom	Dutchman's pipe Calico flower
<i>Atriplex lindleyi</i>	Blasiesoutbos	Sponge fruit saltbush
<i>Atriplex nummularia</i>	Oumansoutbos	Old man saltbush
<i>Austrocylindropuntia cylindrica</i>	Rietkaktus	Cane cactus Coral cactus
<i>Austrocylindropuntia sabulata</i>	Langdoring	Long spine cactus
<i>Azolla cristata</i>	Tropiese rooiwatervaring	Tropical red water fern
<i>Azolla filiculoides</i>	Rooiwatervaring	Red water fern
<i>Azolla pinnata</i>	Muskietvaring	Mosquito fern Pine tree fern Water velvet
<i>Bartlettina sordida</i>	Blou misblom	Blue mist flower Purple torch

Botaniese naam	Afrikaanse naam	Engelse naam
<i>Bauhinia purpurea</i>	Skoenlapperorgideeboom	Butterfly orchid tree
<i>Bauhinia variegata</i>	Orgideeboom	Orchid tree
<i>Berberis thunbergii</i>	Japanse berberis	Japanese barberry Thunberg's barberry Red barberry
<i>Billardiera heterophylla</i>	Blouklokkie	Bluebell creeper
<i>Bryophyllum delagoense</i>	Kandelaarplant	Chandelier plant Mother of millions
<i>Bryophyllum pinnatum</i>	Katedraalklokkie	Cathedral bells Air plant Curtain plant Green mother of million Leaf of life
<i>Buddleja davidii</i>	Chinese saliehout	Chinese sagewood Summer lilac Butterfly bush Orange eye
<i>Buddleja madagascariensis</i>	Madagaskarsaliehout	Madagascar sagewood
<i>Caesalpinia decapetala</i>	Mauritiusdoring	Mauritius thorn
<i>Caesalpinia gilliesii</i>	Paradysvoëlblom	Bird of paradise flower
<i>Callistemon citrinus</i>	Lemoenperdestert	Lemon bottlebrush
<i>Callistemon viminalis</i>	Treurperdestert	Weeping bottlebrush
<i>Calotropis procera</i>	Grootmelkbos	Giant milkweed Sodom apple Tongue-Tongue
<i>Campuloclinium macrocephalum</i>	Pompombossie	Pompom weed
<i>Canna indica</i>	Indiese kanna	Indian shot Wild canna
<i>Cardiospermum grandiflorum</i>	Opblaasboontjie	Balloon vine
<i>Cardiospermum halicacabum</i>	Blaasklimop	Lesser balloon vine Heart pea Winter cherry
<i>Casuarina cunninghamiana</i>	Kasuarisboom	Beefwood
<i>Casuarina equisetifolia</i>	Perdestertboom	Horsetail tree
<i>Catharanthus roseus</i>	Begraafplaasblom	Madagascar periwinkle
<i>Celtis australis</i>	Netelboom	Nettle tree European hackberry
<i>Celtis occidentalis</i>	Valswitstinkhout	Common hackberry

Botaniese naam	Afrikaanse naam	Engelse naam
<i>Centranthus ruber</i>	Duiwelsbaard	Red valerian Devil's beard
<i>Cereus hexagonus</i>	Nagblom	Queen of the night
<i>Cestrum aurantiacum</i>	Oranjeestrum	Orange cestrum Orange-flowering jessamine
<i>Cestrum elegans</i>	Karmosynsentrum	Crimson cestrum
<i>Cestrum laevigatum</i>	Inkbessiebos	Inkberry
<i>Cestrum parqui</i>	Chileense inkbessie	Chilean cestrum
<i>Chromolaena odorata</i>	Paraffienbos	Triffid weed Siam weed Paraffin weed
<i>Cinnamomum camphora</i>	Kanferboom	Camphor tree Camphorwood Camphor laurel
<i>Cirsium vulgare</i>	Disseldoring	Spear thistle Bull thistle Common thistle
<i>Coreopsis lanceolata</i>	Coreopsis	Tickseed Lance-leaved coreopsis
<i>Cortaderia jubata</i>	Pampasgras	Purple pampas grass Jubata grass
<i>Cortaderia selloana</i>	Silwergras Pampasgras	Common pampas grass
<i>Cotoneaster franchetii</i>	Dwergmispel	Cotoneaster Orange cotoneaster
<i>Cotoneaster glaucophyllus</i>	Bloudwergmispel	Large-leaved cotoneaster
<i>Cotoneaster pannosus</i>	Silwerdwergmispel	Silver leaf cotoneaster
<i>Cotoneaster salicifolius</i>	Wilgerblaarpronkbessie	Willow-leaved show-berry
<i>Cotoneaster simonsii</i>	Himalaja-dwergmispel	Himalayan cotoneaster
<i>Crotalaria agatiflora</i>	Voëltjiebos	Canary bird bush Birdflower
<i>Cryptostegia grandiflora</i>	Rubberklimop	Rubber vine
<i>Cryptostegia madagascariensis</i>	Madagaskar-rubberklimop	Madagascar rubber vine
<i>Cuscuta campestris</i>	Gewone dodder	Common dodder
<i>Cuscuta suaveolens</i>	Luserndodder	Fringed dodder Lucern dodder
<i>Cylindropuntia fulgida</i>	Roseakaktus	Boxing glove cactus Jumping cholla
<i>Cylindropuntia imbricata</i>	Kabelturksvy	Imbricate prickly pear Imbricate cactus
<i>Eriobotrya japonica</i>	Lukwart	Loquat

Botaniese naam	Afrikaanse naam	Engelse naam
<i>Eucalyptus camaldulensis</i>	Rooibloekom	Red river gum
<i>Eucalyptus cladocalyx</i>	Suikerbloekom	Sugar gum
<i>Eucalyptus diversicolor</i>	Karie	Karri
<i>Eucalyptus grandis</i>	Salignabloekom	Saligna gum
<i>Eucalyptus saligna</i>		Rose gum
<i>Eucalyptus paniculata</i>	Grysysterbasbloekom	Grey ironbark
<i>Eucalyptus sideroxylon</i>	Swartysterbasbloekom	Black ironbark Red ironbark
<i>Gleditsia triacanthos</i>	Amerikaanse driedoring Soetpeulboom	Honey locust Sweet locust
<i>Grevillea robusta</i>	Australiese silwereik	Australian silky oak
<i>Hakea sericea</i>	Silwerhakea	Needlebush Silky hakea
<i>Hypericum perforatum</i>	Johanneskruid	St. John's wort Tipton weed
<i>Ipomoea purpurea</i>	Purperwinde	Morning glory
<i>Jacaranda mimosifolia</i>	Jakaranda	Jacaranda
<i>Lantana camara</i>	Lantana	Lantana
<i>Ligustrum japonicum</i>	Japanse liguster	Japanese wax-leaved privet
<i>Ligustrum lucidum</i>	Chinese liguster	Chinese wax-leaved privet
<i>Ligustrum ovalifolium</i>	Kaliforniese liguster	Californian privet
<i>Ligustrum sinense</i>	Chinese liguster	Chinese privet
<i>Ligustrum vulgare</i>	Gewone liguster	Common privet
<i>Lilium formosanum</i>	Sintjosefslelie Trompetlelie	St Joseph's lily Trumpet lily Formosa lily
<i>Melia azedarach</i>	Seringboom Maksering Bessieboom	Syringa Cape lilac
<i>Metrosideros excelsa</i>	Nieu-Seelandse perdestert	New Zealand Christmas tree
<i>Morus alba</i>	Witmoerbei Gewone moerbei	White mulberry Common mulberry
<i>Myoporum tenuifolium</i>	Manatoka Bessieboom	Manatoka
<i>Nephrolepis exaltata</i>	Swaardvaring	Sword fern
<i>Nicotiana glauca</i>	Wildtabak	Wild tobacco
<i>Phytolacca dioica</i>	Bobbejaandruifboom Belhambra	Belhambra
<i>Pinus canariensis</i>	Kanariese den	Canary pine
<i>Pinus elliottii</i>	Basden	Slash pine
<i>Pinus halepensis</i>	Aleppoden	Aleppo pine

Botaniese naam	Afrikaanse naam	Engelse naam
<i>Pinus patula</i>	Treurden	Patula pine
<i>Pinus pinaster</i>	Trosden	Cluster pine
<i>Pinus pinea</i>	Sambreelden	Stone pine
<i>Pinus radiata</i>	Radiataden	Radiata pine Monterey pine
<i>Pinus roxburghii</i>	Tjirden	Chir pine Longifolia pine
<i>Pinus taeda</i>	Loblollyden	Loblolly pine
<i>Plectranthus comosus</i>	Abessiniese coleus	Abyssinian coleus Woolly plectranthus
<i>Pontederia cordata</i>	Jongsnoekkruid	Pickerel weed
<i>Populus alba</i>	Witpopulier	White poplar
<i>Populus x canescens</i>	Vaalpopulier Gryspopulier	Grey poplar Matchwood poplar
<i>Prosopis glandulosa</i>	Heuningprosopis	Honey mesquite
<i>Prosopis velutina</i>	Fluweelprosopis	Velvet mesquite
<i>Psidium cattleianum</i>	Aarbeikoejawel	Strawberry guava
<i>Psidium guajava</i>	Koejawel	Guava
<i>Psidium guineense</i>	Brasiliaanse koejawel	Brazilian guava
<i>Pyracantha angustifolia</i>	Geelbranddoring	Yellow firethorn
<i>Pyracantha angustifolia</i>	Geelbranddoring	Yellow firethorn
<i>Pyracantha crenulata</i>	Rooivuurdoring	Himalayan firethorn
<i>Ricinus communis</i>	Kasterolieboom	Castor oil plant
<i>Robinia pseudoacacia</i>	Witakasia	Black locust
<i>Rorippa nasturtium-aquaticum</i>	Bronkors	Watercress
<i>Rosa rubiginosa</i>	Wilderoos	Eglantine Sweet briar
<i>Rubus fruticosus</i>	Braam	European blackberry
<i>Salix babylonica</i>	Treurwilger	Weeping willow
<i>Senna didymobotrys</i>	Grondboontjiebotter-kassia	Peanut butter cassia
<i>Sorghum halepense</i>	Johnson-gras	Johnson grass Aleppo grass
<i>Syzygium cumini</i>	Jambolan	Jambolan
<i>Syzygium jambos</i>	Jamboes	Rose apple
<i>Tecoma stans</i>	Geelklokkies	Yellow trumpetbush Yellow bells
<i>Tipuana tipu</i>	Tipoeboom	Tipu tree
<i>Toona ciliata</i>	Toonboom	Toon tree